

Om “verd(r)inging” as *BADaptation* te konseptualiseer: mondelinge tradisie, epistemiese geweld, en die wisselwerking tussen G.R. von Wielligh se *Boesman-Stories* (1919-1921) en Wendy Maartens se *Sankind lees die wind* (2024)

Luan Staphorst

Nelson Mandela Universiteit; Universiteit van Oxford

ORCID: <https://orcid.org/0000-0003-4676-4498>

Abstract

Conceptualising “verd(r)inging” [supersessory-suppressionary-thingification] as a form of BADaptation: oral tradition, epistemic violence, and the interaction between G.R. von Wielligh’s *Bushman Stories* (1919-1921) and Wendy Maartens’s *San-Child Reads the Wind* (2024)

In this article I conceptualise “verd(r)inging” as a form of BADaptation, scaffolded by three interpretations of “verd(r)inging”: first as supersession whereby an adaptation replaces an original urtext, second as suppression whereby the adaption commits epistemic violence towards a text, a linguistic community and a worldview, and third as thingification where the adaptation takes part in a process of worlding that turns a text into a form of capital. This conceptualisation is explored through a close reading of a recent collection of Afrikaans children’s stories, *Sankind lees die wind* (2024), by Wendy Maartens based on Gideon Retief von Wielligh’s four-part *Boesman-Stories* (1919-1921), a collection of 19th century |xam folklore. I investigate the ways in which both the original folkloric texts and Von Wielligh’s paratextual positioning of those texts have been “verd(r)ing”-ed through Maartens’s adaptation, specifically in the domains of the collection’s audience, the use of sources, and the phenomenon of animal speech within |xam folklore.

1. Inleiding¹

Drie vraagstukke het die afgelope paar jaar die openbare debat in die Afrikaanse letterkunde oorheers: die vorm en funksie van kinderlektuur (vergelyk De Wet 2022, Van Coller 2022, Lourens 2024), die spanning tussen boekbeïnvloeders, oftewel smaakmakers, en professioneelopgeleide letterkundiges as tekenend van 'n dieperliggende spanning tussen lekekennis en deskundigheid (vergelyk Bonthuys 2024, Taljard 2025, Viljoen 2025), en die kwessie van hóé om verantwoordbaar met historiese bewussyn in die hede om te gaan (vergelyk Staphorst 2023b). Hierdie vrae en meer is verstrengel in die publikasie van Wendy Maartens se *Sankind lees die wind* (2024, hierna *Sankind*), 'n verhaalbundel met Gideon Retief von Wielligh se *Boesman-Stories* (1919-1921) as grondstof. Eerstens word die bundel bestempel as kinderlektuur, tweedens is dit deur boekbeïnvloeders eerder as letterkundiges geresenseer en bemark (vergelyk Conradie 2024, Maartens en Viljoen 2024, Vorster 2024a, 2024b), en derdens is dit bemoei met 'n historiese taal- en kultuurgroepering en neem historiese tekste as bron. Dat die |xam 'n besonders gewilde gespreksgenoot in die Suid-Afrikaanse letterkunde is, en daarby telkens deur middel van herskrywing, vertaling, en ander vorme van literêre huldiging ter sprake kom, is 'n bekende motief (vergelyk byvoorbeeld Markowitz 1956, Cope en Krige 1968, Markowitz 1971, Watson 1991, James 2001, Krog 2004a, 2004b, Vollenhoven 2016 vir voorbeelde, en Jenkins 2010, Wessels 2010, Van Vuuren 2008, 2016, Staphorst 2021b, 2024, 2025b vir besprekings van hierdie verskynsel). Maar wat *Sankind* uniek maak is die gesprek met Von Wielligh, eerder as die immergewilde Bleek en Lloyd-argief. Derhalwe benader ek *Sankind* as 'n eiesoortige en eietydse verskynsel in die (Suid-) Afrikaanse letterkunde wat 'n geleentheid tot besinning oor die dialektiek tussen die drie genoemde vraagstukke aanbied.

Met hierdie artikel wil ek dus 'n kritiese gesprek oor die aanpassing, of verwerking, van kultuurhistoriese bronne ontketen, meer spesifiek in die konteks van kinderlektuur en waar daardie bronne met kwessies rondom kundigheid en historiese bewussyn gemoeid is. In die besonder wil ek 'n term daarstel waardeur die problematiek van hierdie dialektiek begryp en ontleed kan word: "verd(r)inging". Vervolgens word daardie term eerstens gekonseptualiseer teen die agtergrond van aanpassingsteorie, epistemiese geweld, en verwêrelding. Tweedens word die tekstuele geskiedenis van *Boesman-Stories* bondig opgesom, met 'n klem op die implikasie van daardie geskiedenis vir my argument. Derdens word *Sankind* in verhouding tot *Boesman-Stories* in die besonder en kennis uit Boesmanstudies in die algemeen deur die lens van verd(r)inging op die keper beskou. Hierdie uitdrukking van verd(r)inging word op drie terreine ondersoek: Gehoorverskraling, bronbeneweling, en dieronttaling. Hiermee wil ek op die nagevolge van 'n verd(r)ingende aanpassingstrategie wys asook die belangrikheid van 'n omsigtige benadering tot (veral kultuurhistoriese) tekste benadruk.

Ter agtergrond wil ek ook die uitsluiting van 'n vraagstuk wat dalk in die konteks van eietydse debatte as voor-die-hand-liggend mag voorkom, maar wat ek as betreurenswaardig takseer, motiveer. En dit wentel om die term "appropriasie". Soos duideliker sal word gebruik ek

hierdie term op 'n hoogs spesifieke wyse, en nie met verwysing na die morsige en polities gelade implikasies wat met die gebruik daarvan in die populêre diskoers gepaardgaan nie. Die konseptuele onklarheid daaromheen is een rede, maar van groter belang is die idee van duidelik afbakenbare kultuurgrense wat die gebruik daarvan impliseer. Hiermee probeer ek nie grense as sodanig ontken nie, maar wil ek eerder die vloeibaarheid daarvan benadruk. In die geval van *Sankind* sou die vraag van appropriasie verder dubbeld wees: mag Maartens as “wit vrou” verhale uit die Xam-kultuur verwerk, en mog Von Wielligh as “wit man” dit gedoen het. Ten minste in die geval van Von Wielligh is daar groter rede vir aanvaarding van die verhale binne 'n gedeelde Afrikaanse kultuurwêreld. Soos Hein Willemse (2008:62) al geargumenteer het: “Die grense van die Afrikaner se kultuuridentiteit [in die laat-1800's en vroeë-1900's, dit wil sê tydens die optekening en publikasie van *Boesman-Stories*, was] minder seker en vloeibaarder”. Indien dit aanvaar word, beteken dit dan dat Maartens glad nie die teks mag aanraak nie, bloot omrede sy 'n eeu later skryf? Ek skryf en dink dus vanuit die uitgangspunt dat die vraag van “appropriasie” as sodanig ongeldig is – dat daar nie met die sinsnede “reg tot” oor'n teks geredeneer moet word nie. Die vraag moet eerder wees: Hóé is daar met die teks omgegaan? En dít kan wel gekritiseer word, soos ek ook in hierdie artikel doen.

2. Verd(r)inging

Die term “aanpassing” [*adaptation*] is as akademiese vakwoord nóg nuut nóg uitgedien. Dit het 'n soorgelyke geskiedenis as vele ander terme wat bykans natuurlik vir die eietydse denker-leser voorkom. Dit het nog “altyd” bestaan, tog is die formele afbakening, definiëring, en ontleding daarvan ietwat traag om met hierdie altydheid op te vang. Die gevolg is dat daar redelik uiteenlopende betekenisse daaraan geheg word wanneer dit in akademiese vakliteratuur te voorskyn kom afhangend van die betrokke skrywer se agtergrond, argument, en kennisveld (vergelyk Cardwell 2018). In hierdie artikel steun ek op die volgende twee redelik gesaghebbende definisies van wat dit is asook wat dit nie is nie. Oor wat dit is: Linda Hutcheon en Siobhan O'Flynn (2013:120) benader aanpassings as “palimpsestic doubleness”. Die aangepaste teksvoorwerp is 'n oorgeskrewe ding, iets wat die spore van die oorspronklike dra terwyl dit 'n nuwe gestalte aanneem. Dit is sodoende ook dubbeld vanweë die altyd-teenwoordige oerteks waarsonder die aanpassing nie kan bestaan nie. As teenstelling tot aanpassing, as voorbeeld van wat dit nié is nie, definieer Julie Sanders (2016) appropriasie as 'n radikale wegbreek van 'n doelteks ten opsigte van die bron – die onderliggende dubbelheid asook die nalewe of oorblyfsels van die oerteks ontbreek dus by hierdie weergawe. Appropriasie, 'n eweneens glibberige term, in hierdie konteks verwys dus nie na die polities gelade begripsformulering daarvan wat dit as 'n vorm van kulturele toe-eiening verstaan nie. Die klem is eerder op die relatiewe afstand tussen die bron- en doelteks: Met 'n aanpassing wat 'n redelike hegte band impliseer waar appropriasie redelik vër daar vanaf vorm aanneem. Alhoewel daar nie eenstemmigheid oor terme en ander verwante

konstrukte met betrekking tot aanpassingsteorie is nie, heers daar oor die algemeen 'n negatiewe houding jeens aanpassings beide in die akademiese asook in meer populêre diskoerse. Derhalwe die term “*BADaptation*” om hierdie verskynsel woordeliks op te som asook te kritiseer (vergelyk Kraus 2012, Verevis 2014, Elliott 2018). Deur hierdie artikel probeer ek nie om hierdie skeptiese houding as sodanig en op sigself te bevorder nie, maar eerder om aandag op 'n bepaalde dinamiek, wat ek as “verd(r)inging” bestempel, te vestig wat wel binne die breër kader van *BADaptation* beskou sou kon word. My uitgangspunt is dus nie dat aanpassings (of appropriasies in die bogenoemde eng definisie van die woord) uit die staanspoor verafsku of skepties benader moet word nie. Die klem is eerder op die uitken van 'n hoogs bepaalde uitdrukking daarvan wat myns insiens as betreurenswaardig bestempel kan word – iets waardeur geweld aan 'n teks, 'n verwysingsveld, en 'n kennisstelsel gepleeg word.

Die begripsformulering van “verd(r)inging” berus op drie bene: Twee wat met “verdringing” verband hou en 'n derde met “verdinging”. Aangaande die eerste twee. Daar is amper inherent aan enige vorm van aanpassing (of appropriasie in die eng definisie hierbo uiteengesit) 'n verdringingsimpuls wat daarmee gepaard gaan. Die nuwe, aangepaste teks probeer sigself posisioneer as opvolger, erfgenaam, of nakomeling van die oorspronklike. Daardeur kom dit te voorskyn in 'n verhouding wat die oorteks wesenlik wil vervang, of verdring, ten gunste van die nuwe teks. Ek benader dit dus as 'n gegewe – iets wat nie voor die deur van die teks of die skrywer as sodanig gelê moet word nie, siende dat in die aard van die aanpassing is om só 'n verhouding tot stand te bring. Die tweede been van verdringing is waar dit as 'n kritiese begrip begin vorm aanneem: Verdringing as onderdrukking, verwringing, en verdraaiing. Waar die spannende verhouding tussen die bron- en doelteks 'n gegewe is, hoef die doelteks nie die bron te verdring nie. Hier betrek ek die term “epistemiese geweld” as ankerpunt vir wat ek met hierdie tweede been bedoel, siende dat dit nie die spannende verhouding op sigself is wat die doelteks aan verdringing skuldig maak nie. “Epistemiese geweld”, nóg 'n term waaroor daar heelwat onsekerheid heers, kan in die breë as 'n vorm van verontregting wat deur middel van kennisstelsels en kenniswerk uiting geniet beskryf word. Een van die eerste kere wat dit ook gebruik is, deur Gayatri Spivak (1988:280-281), kan lig werp op die onderliggende magswigte wat inwerk op 'n daad wat as “epistemies gewelddadig” uitgeken sou kon word: “[E]pistemic violence is the remotely orchestrated, far-flung, and heterogeneous project to constitute the colonial subject as Other. This project is also the asymmetrical obliteration of the trace of that Other in its precarious Subjectivity”. Alhoewel die besonderheid van die koloniale subjek dalk nie in alle kontekste van moontlike epistemiese geweld teenwoordig is nie, bied dit tog 'n kragtige denkbild waarmee ons die uitwerking daarvan kan voorstel: Die een wat onder epistemiese geweld ly, is soos 'n koloniale subjek onder die juk van 'n imperiale mag. En soos Spivak daarop uitwys: Die geweld is dubbeld. Eerstens is daar die verbeelding van die subjek as Ander, en daarnaas terselfdertyd die vernietiging van daardie Ander se besonderse subjektiwiteit. Wanneer ek dus die tweede been van “verd(r)inging” aan epistemiese geweld verbind, probeer ek hierdie tweeledige proses van making en ontmaking saam te vat – 'n

samewerkende krag wat tegelykertyd die tekstuele Ander, in hierdie geval die verwysingsvelde en kennisstelsels asook die skeppers en draers daarvan, tot iets onherkenbaars aan hulself verstar en dit wat herkenbaar sou wees kennelike leed aandoen.

Verdinging, as “verd(r)inging” se derde en laaste been, hou verband met die materiële, die teks as voorwerp wat voortgewerp, uitgewerp, en ontwerp kan word. Hiermee word bedoel dat die teks altyd stoflik is. Dit is nie bloot ’n aangepaste idee, denkbeeld, of abstrakte argument nie, maar ’n voorwerp wat daardie aanpassing verstoflik en sodoende tasbaar laat sirkuleer. Ek posisioneer verdinging in die besonder in die konteks van Spivak (1999) se begripsformulering van die “inheemse informant” en prosesse van verwêrelding wat rondom hierdie figuur plaasvind. Die inheemse informant verteenwoordig daardie individu wat buite die grense van hul veronderstelde inheemsheid, ten minste liggaamlik, beweeg om in en deur die “wêreld” (lees Westerse magsentrums) opgeneem te word as kenner van hul bepaalde inheemsheid. Die Keniaan wat oor die Gikuyu-roman in New-York klasgee, die Noord-Koreaanse vlugteling wat die politieke bestel van hul tuisland aan leiers in Washington, D.C. uitleë, of die Sami wat joik-keelsang by die Suid-Afrikaanse Musiekkollege doseer kan dus inheemse informante wees. Hierdie materiële beweging van die individu is een ding, maar egter nie voldoende om die inheemse informant as sodanig te vergestalt nie. Saam met hierdie beweging is ’n vorm van inskrywing: Met die betrokke individu wat “an authentic ethnic fully representative of his or her tradition” verteenwoordig maar terselfdertyd ’n “blank, though generative of a text of cultural identity that only the West (or a Western-model discipline) could inscribe” (Spivak 1999:6). Die individu en hul veronderstelde kennis word dus binne die raamwerk van Westerse kennisteorieë ingesluk, omvorm, en uiteindelik afgebaken.

In ’n bespreking van die verhouding tussen vertaling en mondelinge tradisies in die konteks van ons vasteland argumenteer ek elders (Staphorst 2021a) dat vertaalde tekste ’n belangrike skakel in sulke prosesse van verwêrelding ten opsigte van inheemse informante en kennisstelsels is:

Translation is intimately wound (and read its double script of wound) up in this event. It is ever-present, and while *verwêrelding* takes root, this globality bears *wêrelddinge* (world things) as its fruit. It is this, I believe, which is the greatest challenge in the translation of African oral traditions. How not to translate towards mere *wêrelddinge*. Because these *wêrelddinge*, as is the case with most so-called African “artefacts,” are able to circulate with-in an economy as capital (Staphorst 2021a:552).

Hiermee word bedoel dat die vertalingsproses (lees verwerkingsproses) telkens die ingewikkelder en gewoonlike minder tasbare bron neem en omvorm tot iets verteerbaars binne ’n wêreldse konteks. Dit verpak, oftewel verwêreld, die (verwerking van die) bron tot ’n nuwe voorwerp, ’n wêreldding, maar met die nuwe wat die oue verplaas en terselfdertyd die verpakker tot gesaghebbende oor daardie bron verklaar. Sodoende skep die vertaler ’n

vorm van kapitaal – beide stoflik in die vorm van die doeltteks wat gedruk, versprei, en verslind word, en geestelik in die vorm van die sosio-intellektuele kapitaal wat die betrokke vertaler as kenner opbou. Met die klem op “verdinging” in die begripsformulering rondom “verd(r)inging” probeer ek gevolglik om hierdie verband tussen “verwêrelding” en “wêreldding” op te roep. Verd(r)ingende aanpassings van tekste het nie bloot epistemiese gevolge nie, maar materieel. Om vir “verd(r)inging” te lees is dus om te lees vir daardie oomblikke waar die aanpassing ’n nuwe “ding” na vore bring wat die verdringende sienings konkretiseer. Hierdie vorm van gestaltegewing is net so belangrik as die epistemiese geweld wat teenoor ’n bepaalde kultuur, teks, of uiting gepleeg word. In sekere opsigte is dit van groter belang siende dat dit juis die tekstuele voorwerp as sodanig is wat die epistemiese verdringing bemoontlik. Daardeur open hierdie vorm van gestaltegewing die weg na ander skrywer-lesers om die epistemiese verdringing voort te sit deur die skep van tekste wat die verdringende een as uitgangspunt neem.

3. *Boesman-Stories* se tekstuele geskiedenis

Von Wielligh en sy oeuvre beklee ’n onvaste posisie binne die (Suid-)Afrikaanse intellektuele geskiedenis. Dit wissel van verinnigende pleidooie vir die erkenning van sy werk (vergelyk Grobbelaar 1989, Van Vuuren 1995, Du Plessis 2001, Aucamp 2009a, Steyn 2009, Willemse 2009, Van Coller 2010), aantygings van letterdiefstal (vergelyk Biesele 1975, Schmidt 1982, Biesele 1993, Hewitt 2008, Highman 2011, Schmidt 2013a, 2013b, De Prada-Samper 2017), tot besprekings van die rassistiese tematiek onderliggend aan sy prosa (vergelyk Gerwel 1983, February 1998). Siende dat sy resepsiegeskiedenis in die breë elders reeds breedvoerig bespreek is (vergelyk Staphorst 2022a, 2022b, 2023a), wil ek slegs kortliks die kollig op die publikasiegeskiedenis van *Boesman-Stories* werp en die implikasies daarvan vir my argument bespreek. Teenoor sy kreatiewe en analitiese skryfwerk, wat prosa soos *Jakob Platjie* (1918) en taalkundige ontledings soos *Ons geselstaal* (1925) insluit, is Von Wielligh se dokumentêr-folkloristiese werk die enigste noemenswaardige deel van sy oeuvre wat tot op hede heruitgegee is. Sy vierdelige *Diere Stories* (1917, 1918, 1921, 1922) is die suksesvolste van hierdie tekste. Soos *Boesman-Stories*, het *Diere Stories* ’n oorsprong in Von Wielligh se kontak met Khoesankulture, in die besonder die dierestorietradisie van die Khoekhoen. Maar waar *Boesman-Stories* ’n relatiewe omwenteling wat akademiese aandag aangaan oor die afgelope drie dekades ervaar het (vergelyk Van Vuuren 1995, Lombard 2014, Van Vuuren 2016, Staphorst 2022b, 2023, Croeser 2023, Parsons en Lombard 2025, Staphorst, 2025a) is sy gewilde *Diere Stories*-boeke nog nie op ’n soortgelyke wyse op die keper beskou nie. Die een uitsondering is Jacomien van Niekerk (2018) se ontleding van die opname van Jakkals-en-Wolf-verhale in die Afrikaanse letterkunde, ’n tradisie wat hoofsaaklik Von Wielligh se optekeninge as uitgangspunt het. Ten spyte daarvan dat ek nie in hierdie artikel op *Diere Stories* fokus nie, verskaf Van Niekerk se analise ’n belangrike verwysingspunt vir my argument. In haar studie let sy op die wyses waarop die Jakkals-en-Wolf-verhale diskursief

aan 'n Europese tradisie verbind is – met die gebruik van sketse as deurslaggewend om hierdie beeld tot stand te bring. Teenoor Von Wielligh se verklarende kontekstualisering van die oorsprong van die verhale as verknog aan Khoekhoe-kultuur, het daardie verhaaltradisie se komvandaan effektiewelik in Afrikaans afgesterf deur vereuropesing (vergelyk Willemse 2008 vir 'n ontleding van 'n soortgelyke proses wat literêre kritiek ten opsigte van Eugène Marais se *Dwaalstories* (1927) betref). Alhoewel sy nie deel van die oorsprong van hierdie tradisie in Afrikaans uitmaak nie, is Maartens se Jakkals-en-Wolf-boeke 'n eietydse voorbeeld van hoe hierdie verskynsel steeds uitdrukking geniet: “As recently as 2016, the author Wendy Maartens has published slim volumes of retellings of Von Wielligh for young readers where the illustrations also show a European wolf” (Van Niekerk 2018:89). Alhoewel die onderliggende spanning wat tussen Maartens en *Diere Stories* enersyds en Maartens en *Boesman-Stories* andersyds uitspeel verskil, is Van Niekerk se studie 'n belangrike voorloper met betrekking tot my eie – veral wat 'n kritiese oriëntasie ten opsigte van die opname en omvorming van tekste as kinderlektuur betref.

Alhoewel *Boesman-Stories* nie so gewild soos *Diere Stories* oor die afgelope eeu blyk te gewees het nie, ten minste nie sover as wat dit herdrukke betref nie, het dit oor die afgelope twee dekades 'n publikasieherlewing ervaar wat nou verband hou met die oplewing aan akademiese aandag. Eerstens is die eerste deel van *Boesman-Stories*, wat uitsluitlik oorsprongmites bevat, in 2005 deur Robert Schall in Duits vertaal. Tweedens verskyn 'n effens geredigeerde weergawe van al vier dele as *Versamelde Boesmanstories 1 en 2* deur Protea Boekhuis uitgegee. Die redigerings, wat meesal met taalkwessies, veral raspejoratiewe, bemoei is, is die enigste noemenswaardige tekstuele ingryping. Wat dit egter van besondere waarde maak is die insluiting van 'n inleiding vir elke afsonderlike deel: Een deur Hennie Aucamp en 'n ander deur Helize van Vuuren, beide kenners van die Boesmans se uitbeelding in en verhouding met die Afrikaanse letterkunde en intellektuele geskiedenis (vergelyk Van Vuuren 1994, 1995, 2003, 2008, 2011, 2016; Aucamp 1997, 2009b). Alhoewel die tekstuele wysigings myns insiens aanvegbaar is (vergelyk Van Heerden 1989, 1990 vir meer oor die problematiek van tekstuele suiwering), bly die gevolg van hierdie nuwe uitgawes eerstens dat die totale versameling *Boesman-Stories* weer in die Afrikaanse kommersiële boekhandel beskikbaar gestel is, en tweedens dat dit deur gesaghebbende inleidings duidelik en omsigtig gekontekstualiseer is.

Naas die Duitse vertaling en die Protea Boekhuis-uitgawe verskyn 'n Engelse vertaling van die hele versameling in een band in 2017, met 'n korter, Afrikaanse uitgawe wat slegs die eerste twee dele bevat – beide deur !Khwa ttu in samewerking met Mantis Books uitgegee. !Khwa ttu is 'n opelugmuseum, natuurreservaat en kultuurdorp naby Yzerfontein aan die Weskus wat Boesmankultuur en -geskiedenis bevorder en bewaar. Soos met die Protea Boekhuis-uitgawe, is hierdie ook effens talig aangepas om by heersende opvattinge aan te sluit. Daarby is bondige inleidings ook ingesluit, maar dié maal met die klem op die bekendstelling van Von Wielligh en sy tekste aan 'n Engelstalige gehoor enersyds, en die

uittlig van die belangrikheid van die verhaalskat vir die nageslagte van die |xam wat vandag amper sonder uitsondering Afrikaanstalig is andersyds. Wanneer Maartens (2024:17) in haar voorwoord slegs die (Afrikaanse) 2017-uitgawe uitsonder, en daarnaas beweer dat “[n]et geskiedkundiges en regte, egte boekwurms [van *Boesman-Stories*] geweeet [het]”, versluier sy dus heelwat van die publikasie- en resepsiegeskiedenis, en skep sodoende ’n ruimte waarin haar verwerkings as nuwe gesaghebbende bron na vore kan tree. Die verdringing wat in hierdie artikel te sprake is, hou dus ook met ander teksweergawes verband. Wat Maartens laastens nie blyk om van bewus te wees nie, is dat al vier oorspronklike dele van *Boesman-Stories* tans gratis en in ongewysigde formaat op die internet beskikbaar is danksy *Project Gutenberg*. Daar is dus nie bloot voormalige uitgawes van die versameling waarmee Maartens se weergawes vergelyk kan word nie – uitgawes wat geensins ongesien verby gegaan het nie – maar ook die oorspronklike tekste wat ieder en elk met ’n internetverbintenis verniet kan raadpleeg. Teen hierdie agtergrond beskou is daar myns insiens ’n veel groter onus op verantwoordbaarheid wat Maartens se weergawes aangaan, juis vanweë die bestaande aanbod van teksweergawes. In die volgende drie afdelings word drie verskillende vorme van verd(r)inging op die keper beskou: Gehoorverskraling, bronbeneweling, en die ontting van die dier.

4. *Sankind* en verd(r)inging

4.1 Gehoorverskraling

Op die laaste bladsy van *Sankind* verskyn ’n waarskuwing en ’n kort bronnelys. Eersgenoemde is die wegspringplek vir wat in hierdie onderafdeling bespreek sal word, en laasgenoemde kom in die volgende ter sprake. Die waarskuwing lui soos volg: “Die oorspronklike teks is soms aangepas om ouderdomstoepaslik vir die kind van vandag te wees” (Maartens 2024:144). Teen die agtergrond van die bemerking van die boek as behorend tot kinderlektuur, is hierdie stelling nie vreemd of onverwags nie. Intendeel, die verwerking van ouer tekste na gelang van eietydse opvattinge aangaande taalgebruik, sosio-kulturele grense, en politieke sensitiwiteite kan as die norm beskou word (en soos die ander 21ste-eeuse teksweergawes van *Boesman-Stories* ook deurgeloop het). Die “verwerking” van bronne wat |xam-materiaal in die besonder en Khoesanoptekeninge in die breë betref, het egter ’n duister geskiedenis waarmee rekening gehou moet word. En gelees teen dié agtergrond vorm Maartens se benadering ’n uiters aanvegbare skryfdaad – veral hoe haar wysigings met die idee van die “kind” versoen word.

Een van die belangrikste versamelings opgetekende Khoesanomateriaal, naamlik Wilhelm Bleek se *Reynard the Fox in Africa, or Hottentot Fables and Tales* (1864), open met ’n erkenning dat die verhale wat in die versameling opgeneem is aangepas is na gelang van die estetiese verwagtinge van ’n (geïmpliseerde Victoriaanse) Engelse gehoor:

To make these Hottentot Fables readable for the general public, a few slight omissions and alterations of what would otherwise have been too naked for

the English eye were necessary, but they do not in any essential way affect the spirit of the Fables (Bleek 1864:xxiii).

'n Allerbelangrike uitdaging vir die kritiese leser van Bleek se versameling is dat sy geloof in die veronderstelde onaangetastheid van die “gees van die Fabels” ontoetsbaar is. Transkripsies van die oorspronlike mondelinge oorlewings in Khoekhoegowab kan nie naas die gepubliseerde weergawes gelees word nie, siende dat slegs die vertaalde weergawes behoue gebly het. Selfs in die geval van sy veronderstelde lettervastе optekeninge en vertalings, soos in sy |xam-optekeninge wat byvoorbeeld gedeeltelik as *Specimens of Bushman Folklore* (1911) verskyn het, het sy Victoriaanse blik op die Khoesan, hul tale, en hul kultuurerfenis die beraming en in/uitsluiting van materiaal beïnvloed (vergelyk Wittenberg 2012, 2014). Eietydse deskundiges wat die Bleek en Lloyd-argief en die tekste wat daaruit voortspruit onder die loep neem, neem dié vorm van sensuur in ag, met weinige navorser wat die materiaal nog as ideologies-neutraal voorhou.

Bleek het die gehoor verder verskraal deur, benewens die Engelse teikengehoor, die ontwikkelingsvlak van die tekste tot die gedagtewêreld van die kind te beperk:

Children, and also simple-minded people, whose taste has not been spoiled by the poison of over-excited reading, will always be amused by the quaintly expressed moral lessons which they receive through every good Fable; and the more thorough student of literature will also regard with pleasure these first innocent plays of awakening human imagination (Bleek 1864:xxviii).

Beide die verwerking van die tekste in verhouding tot Westerse verwagtingshorisonne asook die kontekstualisering daarvan as behorend tot die leefwêreld van die kind is in Bleek se dogter, Dorothea Bleek, se werk voortgesit ná sy sterfte in 1875. 'n Belangrike teks wat direk uit haar arbeid voortgespruit het is *The Mantis and his Friends* (1923), wat verhale wat rondom die |kaggen-figuur sentreer saambundel. In haar inleiding erken Bleek dat sy “shortened [some tales] by leaving out wearisome repetition” (ibid. v). Verder beskryf sy die argetipiese |xam as “a good lover and a good hater, very loyal and very revengeful. He remains all his life a child, averse to work, fond of play, of painting, singing, dancing, dressing up and acting, above all things fond of hearing and telling stories” (ibid. ix). Alhoewel die versameling as geheel nie aan kinders as sodanig bemark is nie, word die beskawingspeil van die tekste nogmaals aan dié van 'n kind gelykgestel.

Von Wielligh staan ongelukkig nie buite hierdie tradisie nie. In die inleiding tot *Boesman-Stories Deel I* beskryf hy sy benadering soos volg:

Met die skryf van hierdie *Boesman-Stories* het ons die gedagtes van die Boesmans in ons eie woorde vertolk; want as daar 'n nasie is wat omslagtig in sijn manier van vertel is, dan is dit seker 'n Boesman: hij kan een en dieselfde ding oor en oor herhaal, wat vir die wetenskaplike onderzoeker

van belang mag wees, maar voorwaar glad nie vir gewone lesers nie. Daarom het ons 'n eenvoudige taal gekies om die Stories in te vertel (Von Wielligh 1919:iii).

Hierdie uittreksel weerspieël 'n uitdaging wat veral vir navorsing oor Von Wielligh se optekeninge van belang is. Terwyl ons vir Wilhelm Bleek, Lucy Lloyd, en Dorothea Bleek van sensuur kan beskuldig in die meer implisiete sin as dit kom by hul opgetekende |xam-materiaal, staan Von Wielligh en sy werk duidelik in die teken van onwetenskaplikheid. Maar, moet daar ook toegegee word, Von Wielligh het dit ook erken:

Wat ons egter na gestreef het, is om tussen al die rotse veilig deur te seil, nl. wetenskap aan die een kant, blote vermaak aan die ander kant, en egte volkskarakter vlak voor ons. Hierdie drie eise het oor ons skouer op ons pen gekyk of ons wel getrou aan ons strewe gebly het (Von Wielligh 1920:iii).

Hiernaas verwys hy ook die nuuskierige, meer wetenskapsgerigte leser na Bleek en Lloyd se werk: “Vir diegene wat die taal van die Boesmans wil leer, sal dr. Bleek se boek baie te pas kom” (ibid. 2). Terselfdertyd het Von Wielligh 'n blik op die |xam en hul verhaalskat openbaar wat geen eweknie in die Bleek en Lloyd-argief het nie. In die slotinleiding, oftewel die inleiding tot die laaste deel van sy vierdelige *Boesman-Stories*, beskryf hy die verhouding tussen sy opgetekende materiaal en sy moontlike leserskap soos volg:

Boesman-Stories, [wat ...] die teenswoordige betref, [word ...] deur die gros van [...] lesers [...] as bloot vermaak vir kinders [bejeen, ... maar] daar [sal ...] gewis 'n tyd aanbreek dat nie alleen kinders nie, maar meer as kinders hulle ore sal hou teen die blaai van *Boesman-Stories* om te luister na sprokies en vertellings asof die woorde direk en duidelik afkomstig is van die oorspronklike lippe wat hul vertel het (Von Wielligh 1921b:iii).

Waar versamelings soos *Reynard the Fox in Africa* uitdruklik deur Bleek aan kinderlektuur verbind word, verskaf Von Wielligh 'n kopknik in die rigting van 'n erkenning van 'n groter gehoor wat die vertellings sal kan geniet en raadpleeg: “meer as kinders”; 'n erkenning wat Hennie Aucamp (2009a:7) as “profeties” beskryf. Soos vroeër na verwys is, ervaar die Von Wielligh-optekeninge 'n herlewing wat kritiese aandag betref – iets wat verband hou met 'n blik op sy bydraes wat dit as meer as blote letterdiefstal of aansporingslektuur vir ongeletterde Afrikaners takseer. Deur die materiaal diskursief af te perk tot die eksklusiewe ruimte van die kind verd(r)ing Maartens die versameling: Die tekste se diskursiewe gehoor word verdring deur dit as 'n kindheidsding uit te maak wat alleenlik as fabelversameling van belang is, eerder as 'n versameling verhale wat in die teken van 'n verwikkelde en verweefde wêreldsiening staan (vergelyk Lewis-Williams en Pearce 2004, Guenther 2020a, 2020b, Staphorst 2020 vir meer oor hierdie wêreldsiening).

'n Kort voorbeeld uit Maartens se teks kan bespreek word ter uitbeelding van die gevolg van dié verd(r)inging op die betekeniswaarde van die verhale. Dit spruit uit 'n resensie-onderhoud van Maartens se bundel, met die resensent wat Maartens se herskrywings prys vanweë die wyse waarop sy kwansuis “slaag om hierdie stories binne duidelike raamwerke van jong, moderne kinders te plaas”:

So beskryf sy Tatsie, die hoofkarakter in “Die boom wat saam met die maan groei” byvoorbeeld as “'n moeilikheidmaker soos min, wat net mooi alles onder die son gedoen het wat mens nie mag doen nie.” Voorheen was hy “'n wonderlike Boesman van die ou geslag wat geroof en gemoor het” (Vorster 2024b).

Die eerste opmerking wat aangaande hierdie uittreksels gemaak kan word hou verband met die wegdoen van die sinsnede “[Boesman] van die ougeslag”. Hierdie beskrywing is prominent regdeur beide die Von Wielligh-optekenings asook die Bleek en Lloyd-argief (waar dit onderskeidelik in |xam as “!xwe ||na ss'o !kui” en in Engels as “people of the ancient race” weergegee word). Dit dien 'n belangrike doel as deel van die poëtika van |xam oorsprongmites in die besonder, waar dit die karakter onder beskrywing as behorend tot 'n vergange tyd posisioneer. In 'n voetnota wat een van die eerste gebruike van die sinsnede in *Specimens of Bushman Folklore* vergesel word dit soos volg verklaar:

This girl is said to have been one of the people of the early race (!xwe ||na ss'o !kui) and the 'first' girl; and to have acted ill. She was finally shot by her husband. These !xwe ||na ss'o !kui are said to have been stupid, and not to have understood things well (Bleek en Lloyd 1911:73).

Dié “eerste mense” was gekenmerk as behorend tot 'n chaotiese sosio-kulturele bestel, met vloeibare ontologiese werklikhede (soos die meisie wat die sterre vanuit as geskep het) en geweld wat aan die orde van die dag was. Wat verder van belang is is dat hierdie sinsnede 'n konseptuele versmelting tussen mens, dier, en ander materie tot stand bring. Alle lewe op aarde, aldus die |xam-wêreldsiening, is afstammeling van die “mense van die ougeslag”, en vandaar kan die argument gemaak word dat die |xam in 'n tipe evolusieleer geglo het wat alle lewensvorme aan mekaar verbind het. Hierdie faset van |xam-oorsprongmites word deur Maartens heeltemal ontskryf, en vandaar gaan 'n belangrike dimensie van hul poëtika vir die leser van haar weergawes verlore. Dít, ten spyte van 'n inleiding waarin Maartens poog om die veronderstelde belangrikheid van die |xam-wêreldsiening vir kinders uit te lig, naamlik dat die |xam 'n omgewingsbewustheid had wat in die aangesig van eietydse kwessies soos aardverwarming relevant kan wees.

Die tweede opmerking hou verband met die ontskrywing van geweld. Soos reeds aangehaal, is een van die eerste verwysings na 'n “mens van die ougeslag” wat in die Bleek en Lloyd-versameling opgeneem is na 'n vrou wat deur haar man vermoor is. Die “eerste mense” se lefwêreld was deurtrek van geweld – teenoor vrouens, kinders, mans, diere, en

hemelliggame. Geweld was alomteenwoordig, en die wesentlike skepping van die heelal is die gevolg daarvan. 'n Voorbeeld hiervan is in die verhaal "Die boom wat al maande sterf en weer lewendig word" te vinde. Dit is in hierdie verhaal wat die Tatsie-karakter waarna vroeër verwys is voorkom, 'n |xam-man wat, in die Von Wielligh-weergawe, as "'n wonderlike Boesman van die ou geslag [beskryf is, iemand wat] geroof, gesteel gemoor [het]" (Von Wielligh 1920:183). Maartens omvorm hierdie gegewe tot "'n moeilikheidmaker soos min. Hy net mooi alles onder die son gedoen het wat 'n mens nie mag doen nie" (Maartens 2024:93). Was hierdie slegs 'n enkele verwysing, sou mens altemit nog vir Maartens se wysiging in die bresse kon tree. Die geweldadigheid van die Tatsie-figuur is egter van veel groter belang vir die verhaalgebeure as blote agtergrondskeping. Dit dryf die res van die |xam-gemeenskap waarin hy hom bevind het om planne te beraam om hom te vermoor. Soos Von Wielligh die gemeenskap se oorpeinsing verwoord: "Nou is die vraag: Wanneer sal hy eendag doodgaan, of hoe sal hulle hom doodkry?" (Von Wielligh 1920:185). Hierdie gegewe word egter ook uit Maartens se weergawe uitgesluit, wat die daaropvolgende verhaalgebeure versag. Wat in die res van die verhaal tot en met Tatsie se dood as doelbewuste pogings tot moord vanuit die gemeenskap as geheel beskryf kan word, klink in die Maartens-weergawe gevolglik na die planne van individuele |xam wat op hul eie besluit om hom te vergiftig of te skiet. Die intensie vanuit die gemeenskap in die breë om Tatsie uit die weg te ruim word self meer weggedoen. En gevolglik word die ontstellende aard van Tatsie se dood en uiteindelijke omvorming tot 'n boom ook verdring.

In beide weergawes word daar na die smaak van die vrugte van die Tatsie-boom as herinnerend aan vleis verwys – met die laatvrugte wat na biltong lyk. Op sigself altemit 'n ietwat vreemde, maar nie noodwendig ontstellende beeld nie. Wanneer die gemeenskap se doelgerigte, sameswerende pogings tot moord op Tatsie, en die uiteindelijke sukses daarvan, bygereken word neem die beeld van die vleisgeurige biltongvrugte 'n meer onthutsende gedaante aan. In 'n bespreking elders (Staphorst 2020) let ek op die belangrikheid van hierdie gegewe teen die agtergrond van 'n gemeenskapsgesentreerde etiese raamwerk. Waar die moord van Tatsie binne só 'n raamwerk tradisioneel geregverdig kan word vanweë die waarde wat daar aan die gemeenskap bó die enkeling geheg word, argumenteer ek dat die gemeenskap nietemin met die gevolge van hul moord moet saamleef. Die vrugte dra die geur van vleis, en by implikasie van Tatsie as vleislike wese. Hierdie gevolg – die omvorming van veral |xam-figure wat op die een of ander manier die grense van welvoeglikheid oorskry – is 'n algemene tema in |xam-oorsprongmites. Waar Maartens van 'n "wonderboom" praat om dié plant te beskryf, kom so 'n term glad nie in die Von Wielligh-weergawe voor nie. Dis bloot nóg 'n boom, en die implikasie is dat álles eens mense was wat immoreel binne die |xam wêreldsiening opgetree het. Hierdie interpretasie word bevestig wanneer nog 'n bekende verhaal uit die Bleek en Lloyd-argief geraadpleeg word, spesifiek 'n verhaal waar 'n man in 'n boom verander nadat hy met 'n vrou wat haar eerste menstruasie ervaar kontak maak – 'n taboe onder die |xam (vergeelyk ||kabbo 2000).

Die verskeie vorme van geweld en gepaardgaande vergelding wat telkens in !xam-verhale voorkom mag dalk vir 'n hedendaagse (Westerse) leser as vreemd en ongewens voorkom. En dis moontlik verstaanbaar dat daar derhalwe 'n klem op die ontkenning van daardie geweld deur die herskrywingsproses sal wees. In hierdie konteks bevorder dit egter 'n geskiedenis van epistemiese geweld, iets wat reeds met Bleek en Lloyd en hul benadering tot sensuur begin is. In die konteks van Maartens is daar egter die gevaar dat die beeldvorming van die !xam een van edele onskuld is – wat ongemaklik naby aan die idee van die edele barbaar grens. Dit mag dalk vir die eietydse leser en skrywer, veral hulle wat 'n “positiewe” beeld van die !xam in die besonder en die Boesmians in die breë wil skilder na gelang van huidige sosio-kulturele norme, aanloklik wees om daardie dele van die !xam-verhaalskat wat as onguur beskou kan word uit die rekord weg te skryf. Maar deur daardie daad word 'n andersoortige geweld teenoor dié mense, hul kennissisteme en erfenis gepleeg. Die verontskuldigende verkindeliking van die bronteks is dus 'n verd(r)ingende verkunsteliking daarvan.

4.2 Bronbeneweling

Soos in die vorige onderafdeling genoem, is daar naas die waarskuwing aangaande Maartens se wysiging van Von Wielligh se taalgebruik ook 'n kort bronnelys op die laaste bladsy van *Sankind* ingesluit. Dié bronne sluit die 2017-herdruk van Von Wielligh se eerste twee bande *Boesman-Stories* asook 'n handjievol webruimtes, soos Von Wielligh se inskrywing op *Wikipedia*, in. Teen die agtergrond van die bondige opsomming van *Boesman-Stories* se tekstuele geskiedenis oor die afgelope dertig jaar is dit duidelik dat veel meer geraadpleeg kan word. Ten spyte van dié skamele bronnelys, skets Maartens 'n beeld van 'n intensiewe en diepgaande navorsingsreis wat haar na die versameling gelei het in haar onderhoud met Louise Viljoen (die boekbeïnvloeder, nie die letterkundige nie):

Ek lees baie wyd oor 'n onderwerp, baie wyer as wat nodig is. Hoe groter die geheelbeeld is wat ek in my gedagtes kan saamdra, hoe makliker skryf ek aan 'n manuskrip en hoe makliker is dit vir my om nuwe feite en gebeurtenisse “in te slot”. Teen die tyd dat ek gaan sit om te skryf het die inligting 'n versamelnes in my gedagtes begin vorm waarvan net ek die tonneltjies ken en verstaan (Maartens en Viljoen 2024).

Hierdie getuigskrif is hoogs betwyfelbaar, ten minste wat haar verwerking van Von Wielligh se versameling betref. Van groter belang vir my bespreking is die gevolge van dié laakbare benadering tot bronne.

Eerstens, Von Wielligh was 'n optekenaar van !xam-verhale, en nie die skepper daarvan nie. 'n Ooglopende gegewe, maar een wat telkens deur skeptiese navorsers ontken is (vergelyk Staphorst 2022a, 2022b, 2023a, 2025a). In 'n sekere sin maak die Von Wielligh-versameling dit ook maklik vir lesers om hierdie gevolgtrekking te bereik. Anders as by Bleek en Lloyd,

waar elke verhaal deur die dag, datum, en vertellersnaam vergesel word op papier, sluit Von Wielligh slegs lukrake verwysings na |xam met wie hy in kontak was deur die loop van sy versameling se vier bande in – en weliswaar amper uitsluitlik in bande drie en vier. As gevolg van Maartens se besluit om slegs op die eerste twee bande te fokus, en daarby slegs verhale te kies waar geen |xamvertellers by die naam genoem word nie, word daar implisiet bevestigend op die skeptiese navorsers se diskoers van Von Wielligh as bedrieënde verhaalskepper ingewerk. Die kans om die stemme en persoonlikhede van “Ruiter, Rondelyf, Rondebout, Ertman, Karools en Bantjies, Geswind en Volmink, Vuurmaak[, ...] Oortjies, Krappies en Ou Bles” (Van Vuuren 2010:11), almal deel van die vertellersgroepering waarmee Von Wielligh in kontak gekom het op een of ander wyse, deur die bundel uit te lig word verspeel.

Tweedens, waar die Bleek en Lloyd-projek eerstens en laastens ’n taalkundige onderneming was, was Von Wielligh se fokus hoofsaaklik op die verhaalskat van die |xam toegespits. Dit is derhalwe nie vreemd dat daar nie ’n klem op |xam-woorde soos dit in Afrikaans neerslag gevind het in die taalgebruik van die |xam van die laat-19de eeu in sy optekeninge nie. Tog skemer daar elke dan en wan wel ’n herkenbare |xam-woord deur – weliswaar nie in die standaard |xam-spelling nie, maar wel tipografies gemerk deur middel van ’n enkele aanhalingsteken wat ’n (onuitgekende) klapklank verteenwoordig. Dit is hierdie gegewe wat ek elders (Staphorst 2022b) ingespan het by my ondersoek na die historisiteit van Von Wielligh en wat ek gevolglik gebruik het om taalkundige bewyse te verleen aan die teorie dat Von Wielligh nie skuldig is aan letterdiefstal van Bleek en Lloyd se materiaal nie. In die konteks van sy versameling as geheel kom |xam-woorde amper uitsluitlik in *Deel I* voor, met slegs enkele voorbeelde uit die ander dele. Gegewe dat Maartens hoofsaaklik met die tweede deel gewerk het, is dit dan ook nie vreemd dat daar weinig |xam-woorde in haar boek voorkom nie. Behalwe vir twee: ‘kaggen en ‘norra-kareeboom. Beide woorde word egter deur Maartens ontklap, en gevolglik ontluis, van hul merkbare |xamheid, naamlik hul klapklanke. Sodoende word ‘kaggen *kaggen* en ‘norra-kareeboom bloot *norra-kareeboom*. Dit mag dalk as onbenullig voorkom, maar dit het nietemin verreikende gevolge.

‘kaggen, oftewel |kaggen binne die Bleek en Lloyd-ortografie, is die naam van die alombekende Bidsprinkaan, of Hottentotsgod binne ’n verouderde talige verwysingsraamwerk. |kaggen is die triekstergod van die |xam, en het ’n eweknie in die meeste ander Khoesankulture (vergelyk Guenther 1999; Schmidt 2018). ’n Omvattende mitologiese skeppingsraam bestaan met |kaggen as spilfiguur, en benewens een verwysing in *Sankind*, word daar glad nie na hom in Maartens se versameling verwys nie. Slegs ’n kontekslose “gebed” word aangehaal, met die gebed wat in die oorspronklike eerste deel van *Boesman-Stories* aan die einde van die bundel verhale voorkom waarin |kaggen telkens figureer. Van groter belang vir my bespreking is die talige geweld wat teenoor |kaggen, ’n heilige figuur binne die |xam-wêreldsiening, gepleeg word deur sy naam sonder motivering te verdraai deur die klapklank weg te laat. Só ’n vorm van verwringing is soortgelyk aan die wanvoorstelling van Jesus Christus, Muhammad, of Boeddha se naam in druk; maar in hierdie konteks blyk só ’n benadering aanvaarbaar te

wees. Verd(r)inging is weereens ter sprake, siende dat daar nie bloot 'n duidelike vorm van epistemiese geweld teenoor hierdie allerbelangrike figuur in die |xam-wêreldsiening gepleeg word nie, maar dat daar deur middel van die talige wanvoorstelling 'n nuwe “ding” daargestel word wat die wêreld des lettere kan betree – ontklap en ontluister van sy heilige |xamheid.

Wat 'norra-kareeboom betref, is 'n veel ingewikkelder vorm van verd(r)inging ter sprake. Eerstens, my vroeër holografiese argeologiese ondersoek na Von Wielligh se versameling het slegs op die eerste band gefokus, en dus nie rekening gehou met die ander moontlike |xam-woorde wat deur die loop van *Boesman-Stories* gevind kan word nie. 'norra-kareeboom is dan een van daardie woorde wat in die tweede band voorkom, en nie in my vorige studie bespreek is nie. Tweedens, die benadering tot Von Wielligh wat ek gevolg het was om die uitgekende woorde te meet aan die voorkoms van daardie woord (al dan nie) in *Specimens of Bushman Folklore* en *A Bushman Dictionary*, om sodoende die akkuraatheid van Von Wielligh se taalgebruik te bepaal asook om vas te stel wanneer die woord die eerste maal in druk voorgekom het. Wanneer daar 'n soortgelyke benadering tot 'norra-kareeboom, of meer spesifiek slegs 'norra, gevolg word blyk dit dat daar geen eweknie in die Bleek en Lloyd-argief opgeteken is nie. Maar, 'n ander vergelyking kan getref word. Die volgende tabel is ontleen uit Camilla Rose Christie (2022:138) se bespreking van Nama-leenwoorde in Oranjerivierafrikaans:

Leenwoord	Referent	Bron
namabessie	<i>Searsia dentata</i>	Smith 1966
t'narra	<i>Searsia undulata</i>	Le Roux 1981
t'garra	<i>Searsia undulata</i>	Powrie 2004
gharra, t'gnarro, gnarra	<i>Searsia spp.</i>	Prinsloo 2008
lgarra, gnarra, njarrabessie	<i>Searsia spp.</i>	Coetzee 2010
t'arra	<i>Searsia burchelli</i>	Nortje & Van Wyk 2015

Drie opmerkings kan hieroor gemaak word. Eerstens verwys die genusnaam *Searsia* na wat in die Afrikaanse omgangstaal as “kareeboom” bekendstaan. Van belang vir die benaming in die Von Wielligh-versameling is die samestelling van 'norra + kareeboom, 'n samestelling wat soortgelyk is aan ander Khoesanbeïnvloede woordvorme in Afrikaans, soos Leeu-Gamka of Hartbeeshuisie, waar 'n Khoesanwoord saam met die vertaling saamgevoeg is om 'n nuwe woord te vorm. 'norra-kareeboom kan dus as kareeboom-kareeboom “vertaal” word. Tweedens kan die opgetekende gebruik van hierdie verskeie variantevorme slegs tot 1966 teruggevind word, dit wil sê meer as 'n halfeeu ná die verskyning van Von Wielligh se optekeninge. Enige moontlikheid vir letterdiefstal is dus buite die kwessie. Derdens, die wisseling van klinkers – “a” in ander materiaal en “o” in Von Wielligh se optekening – kan maklik uitgeklaar word wanneer die alomteenwoordigheid van klinkerwisselvorme in beide |xam en Afrikaanse streekstaal bygereken word. 'norra kan dus as wisselvorm vir t'narra, njarra, en gharra, onder meer, bestempel word.

Maar waarom is dit belangrik benewens as 'n talige kuriosum wat nóg 'n bewys van Von Wielligh se taalgevoeligheid en eerlikheid ten opsigte van sy opgetekende materiaal lewer? Omrede Maartens in *Sankind* 'n "definisie" vir 'norra-kareeboom, ontklap in haar skryfsel, skep wat geen begroning in Von Wielligh se versameling, of elders, het nie: "Die boom waaruit alle lewende diere gegroei het". Nie net is daar géén |xam-kum wat só 'n oorsprongmite rondom 'n lewegewende boom weergee nie, maar sy omvorm in der waarheid 'n algemene boom, 'n tipe kareebom, tot 'n heiligheid. Soos met |kaggen, word daar met 'norra-kareeboom 'n verd(r)ingingspel gespeel waar beide ontklap word, maar, anders as |kaggen, word 'norra-kareeboom onregmatig verheilig. Weereens dring die woord nou deur middel van Maartens se teks die wêreld des lettere binne op 'n wyse wat 'n uiters verwronge beeld van nie net die |xam-verhaalskat nie, maar van hul taalbewussyn en mitologiese wêreldsiening tot stand bring.

Derdens, wat ook by Maartens se verwerking ontbreek is 'n allerbelangrike vergelykende benadering tot die |xam-verhaalskat, veral wanneer haar raad aan voornemende (her)skrywers van volksverhale inaggeneem word: "Probeer soveel moontlik variasies van die verhaal in die hande kry voordat jy gaan sit om dit neer te skryf. Bepaal wat in al die weergawes min of meer ooreenstem en gebruik dit as die geraamte van jou storie" (in Maartens en Viljoen 2024). In die geval van die |xam, bestaan daar naas die Von Wielligh-versameling waaruit Maartens put ook die reeds besproke Bleek en Lloyd-argief – 'n argief wat verder verskeie verhale bevat waarvan twee of meer weergawes bestaan wat van verskillende vertellers ingewin is. Nie alle verhale in die Von Wielligh-versameling het eweknieë in die Bleek en Lloyd-argief nie, en die teenoorgestelde is ook waar. Maar, daar is wel 'n ankerpunt vir vergelykende insigte wat vraagstukke rondom beide inhoud en vorm van |xam-volksoorlewings kan help opklaar. In 'n sekere opsig is Maartens skuldig aan dieselfde wandaad wat geslagte navorsers in Boesmanstudies gepleeg het, naamlik die beklemtoning van slegs een bronversameling – weliswaar is die klem by Maartens op Von Wielligh, waar dit by navorsers meesal op Bleek en Lloyd is. Maar die gevolg is dieselfde: Die nuwe, verd(r)ingde bron word implisiet as gesaghebbende weergawe geposisioneer wat variasie en uiteenlopendheid onderdruk.

4.3 Dieronttaling

Op die agterblad van *Sankind* word vermeld dat die teks jou op 'n "reis [neem] na 'n tyd toe die diere nog kon praat". Binne die wêreld van kinderlektuur is só 'n gegewe natuurlik geen unieke verskynsel nie. Enige leser wat die fabels van Aesopus of die sprokies van die broeders-Grimm al onder oë geneem het sal weet dat pratende diere 'n alomteenwoordigheid in hierdie genre is. Die vraag is dus nie of diere kan praat in die |xam-verhaalskat nie, maar of hulle enigsens anders praat as hul eweknieë in ander tale en mondelinge tradisies. In die geval van die |xam was daar reeds sedert die optekeninge van Bleek 'n bewustheid dat daar wél iets anders was, en veral dat dit noemenswaardig genoeg is om as 'n eiesoortige

verskynsel te bestudeer. In Bleek se verslag aan die parlement van die Kaapkolonie, wat sy werk befonds het, in 1875 maak hy byvoorbeeld die volgende stelling:

A most curious feature in Bushman folk-lore [sic] is formed by the speeches of various animals, recited in modes of pronouncing Bushman, said to be peculiar to the animals in whose mouths they are placed. It is a remarkable attempt to imitate the shape or position of the mouth of the kind of animal to be represented (Bleek 1875:6).

Die |xam het dus nie bloot 'n idee van dierspraak gehad nie, maar konkrete taalkundige sisteme waardeur hierdie idee uitdrukking geniet het (vergelyk Hollmann 2004 vir 'n versameling van Dorothea Bleek se gepubliseerde weergawes van |xam-dierspraaktekste). In 'n vertelling deur |han+kass'o, een van Bleek en Lloyd se hoofvertellers, word die uitdagings aan dierspraak as 'n uitdrukkingsvorm duidelik ten toon gestel. In 'n lang verhaal oor |kaggen se seun wat met 'n trop bobbejane stry kry, het hy die volgende verskoning aangebied toe hy nie die bobbejaantaal kon weergee nie: "*N ssin |ku #kakken n-n ka #kakken#kakken, au kaken tattt e, |hu|hu ka #kakken#kakken. šauki šwi*" [*I must [...] speak in my own language, because I feel that the speech of the baboons is not easy*] (|han+kass'o 1911:17). Dierspraak was dus nie 'n eenvoudige gegewe nie, en het eerder 'n ingewikkelde kennis van die |xamtaal asook die omvorming daarvan na gelang van fonologiese reëls van die betrokke dier se uitspraakvariant vereis.

In die Von Wielligh-versameling word hierdie verskynsel ongelukkig nie ten volle weergegee nie. Die moontlike redes hiervoor is legio, insluitend dat Von Wielligh nie die spesifieke uitdrukkingsvorme van dierspraak in Afrikaans kon onthou nie, gesukkel het om dit te verskriftelik, of selfs dat dit nie teenwoordig was in die spesifieke Afrikaanse weergawes wat hy gehoor het nie. Die laaste verduideliking is moontlik die waarskynlikste, siende dat ons 'n ander Afrikaanse bron van min of meer dieselfde tyd het waar daar wel oor dierspraak kommentaar gelever word. In sy inleiding tot *Dwaalstories en ander vertellings* argumenteer Eugène Marais dat die wesentlike oorsprong van die eiesoortige genre wat in sy boek opgeneem is die invloed van vroeë vorme van dierspraak op Afrikaans is:

Die uitwerking van die tale op die later Afrikaanse Boesmanstories is eenaardig gewees. In die meeste oorspronklike Boesmanstories verskyn gedurig liedjies en gediggies wat een of ander van die diere opsê. Nou, toe die Boesmantaal self aan uitsterwe was, het die vertellers die stories in hulle eenaardige Afrikaans oorgesit. Mettertyd het hulle mengelmoes van Boesmans en Afrikaans geword, heeltemal sonder betekenis [...] Daaruit is die later "Dwaalstories" ongetwyfeld ontstaan (Marais 1959:5).

Of Marais se teorie oor die invloed van dierspraak op die "mengelmoes"-vorm van Afrikaans wat hy by Hendrik gehoor het korrek is of nie, is nie juis van belang nie. Wat is is die verband wat hy tussen die |xam se taalkundige verskynsel van dierspraak en veronderstelde onsinwoorde

en sinsnedes lê. Alhoewel dit na 'n goeie verduideliking mag klink, is daar genoegsame bewyse uit die Bleek en Lloyd-versameling van 'n teenwoordigheid van (veronderstelde) onsinwoorde wat in die monde van verskeie wesens geplaas word, en wat as iets apart van dierspraak funksioneer. 'n Goeie voorbeeld is uit die verhaal wat |han+kass'o oor |kaggen se seun en die bobbejane oorgelewer het waarna vroeër verwys is. 'n Bepaalde spreuk of formule word telkens deur die verhaal herhaal, met dié spreuk wat slegs vanuit die mond van 'n bobbejaan gehoor word: "*Hé tíken ē, ha há |ne kúí: Hai, |ne ssá tumma !kū á a*" [*Therefore, he (the baboon) exclaimed: "Hie! Come to listen to this child*] (|han+kass'o 1911:17; my uitligging). Die uitdrukking "*Hai*" lyk om slegs deur bobbejane geuiter te gewees het, en kan gevolglik as deel van die dierspraakverskynsel getipeer word ten spyte daarvan dat dit anders funksioneer as die bereelde fonologiese omvorming wat dierspraak in die algemeen tot stand bring. Hierdie verskynsel klink dus nader aan klanknabootsing, of onomatopée, in die klein. Verdere steun vir hierdie teorie kan in Von Wielligh gevind word:

Wolf staan te huil: „Hoe-hoei! Hoe-hoei!” toe hy sien hoe manhaftig Leeu hom staan nakyk, tong aflek en weer gulsig gaan vreet.

Jakkals het dit op sy senuwee, en in die verwarring staan hy te tjank: „Haaa ... eina! Soe-eina!” en dan begin hy meteen in 'n lag deurslaan: „Ha-ga-ga! Ha-gè-gè, ha!”

(Die Boesmans kan die geluide beter naboots as ons dit kan neerskrywe.)

„Oe .. è! Oe .. e!” brul die oues binnensmonds. „Njirr, njirr! Ma-au, ma-au!” knor die kleintjies soos hulle dreig. ('n Klein leeutjie meeu net soos 'n kat.)
(Von Wielligh 1920:56-57).

Hierdie uittreksel uit die verhaal “Leeu, Wolf en Jakkals” onderskraag die interpretasie van klanknabootsing, eerder as volslae dierspraakkundige taalgebruik. Dit is steeds belangrik, siende dat dit van 'n ander vorm van talige verbandlegging tussen mens en dier in en deur die |xam-verhaalskat getuig; maar die werking van klanknabootsing, wat 'n algemene verskynsel die wêreld oor is, verskil drasties van die fyner vorm van taalskepping wat in |xam aangetref word.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die volgende onthutsende openingsparagraaf wat deur Maartens (2024:19) geskep en in die openingsverhaal ingesluit gelees moet word: “Kraai is honger. Sy blink ogies loer hier en daar en oral. “Ko-kôôô! Ko-kôôô! Ko-kôôô! Ek sien 'n lekker vet springbok” kras hy en wip parmantig in die rigting van 'n siek springbok”. Hierdie uiting, met die klanknabootsende “Ko-kôôô” wat aan “Ek sien 'n lekker vet springbok” gelykgestel word, het geen gelyke in die Von Wielligh-optekeninge nie, en is dus 'n oorspronklike skepping deur Maartens. Die probleem met hierdie aanslag is dat dit die verwikkelde fonologie van die |xam se besondere benadering tot dierspraak verdring deur dit effektiewelik tot blote klanknabootsing, wat wêreldwyd aangetref word, af te water. Die deurgekomponeerdheid van dierspraak as 'n verskynsel wat intiem verweef is aan die |xam se waarnemings van diere

enersyds en 'n hoogs ingewikkelde omvorming van taalkundige reëls andersyds maak dit 'n eiesoortige, indien nie totaal ongeëwenaarde verskynsel, in die republiek van dierestories. Dat Maartens 'n nuwe "uitdrukking" vir kraai geskep het kan as prysenswaardig beskou word, maar gemeet teen die fyn gekunstelde woordnet van die |xam, steek dit nie bloot af nie – dit doen afbreek daaraan. Dit verdring hul aanslag deur hul verwikkelde fonologie met blote klanknabootsing te vervang, en verding dit deur 'n nuwe skeppende taalreël daar te stel waarlangs ander ook "soos" die |xam kan praat deur slegs 'n paar geluide te skep, en voor te gee dit verteenwoordig |xam-dierespraak.

5. Slot

Deur hierdie artikel het ek gepoog om die belangrikheid van omsigtigheid ten opsigte van die verwerking van bronne uit te wys – iets wat 'n algemene gegewe behoort te wees, maar des te meer belangrik is wanneer daardie bronne histories van aard is en aan 'n bepaalde wêreldsiening verbind is. Die term wat ek daarstel om die teenoorgestelde van só 'n omsigtige aanslag te verwoord blyk om nuttig te wees om die vlakke waarop 'n "verd(r)ingende" aanpassing 'n uitwerking op teksinhoud het te ontleed. Waarmee ek egter wil afsluit is 'n beroep op bedagsaamheid wat meer as net die tekstuele verwerker betref. Alhoewel ek dit nie uitdruklik in hierdie artikel ondersoek het nie, sal ek dit tentatief waag om te verklaar dat "verd(r)ingendheid" 'n verskynsel is wat meer as bloot 'n tekstuele aanpassing kan beskryf. Die lees, of ontleding, van literêre tekste kan ook "verd(r)inging" na vore bring – soos ook geïmpliseer deur my aanhaal van reaksies op *Sankind* deur resensente; en die feit dat daardie resensente boekbeïnvloeders, eerder as letterkundiges is, beteken nie dat die deskundige noodwendig daardie slaggate sal vryspring nie. Hierdie verskynsel van "verd(r)ingendheid" as wandadige lees kan dus in toekomstige navorsing ondersoek word. So 'n ondersoek behoort veral in die huidige tydsgees van literatuurkritiek belangrik te wees. Alhoewel die tentatiewe wending na sogenaamde postkritiek (vergelyk Linde 2023) 'n welkome klemverskuiwing wég van die legkaartbou-benadering van kritiek wat tot onlangs nog geheers het is, kan dit myns insiens nie die behoefte vir benaderings wat tog met die stem agter die boek bemoeid is ongedaan maak nie. Die affekstudie, wat deur leidende Afrikaanse literatore voorgehou word as 'n voorbeeld van postkritiek (vergelyk Burger 2023, Viljoen 2023), mag tot vrugbare leesmetodes en lonende insigte lei. Maar, om in dié geval die klem op die affektiewe ervaring van die teks te plaas, sonder om afstandelik met die onvaste begronding daarvan om te gaan, sal beslis verd(r)ingendheid bevorder eerder as stuit. Die vraag is nie of ons krities óf postkrities moet lees nie, maar eerder wánnêr. Indien hierdie vraag aangeneem word as 'n waarskuwende leuse sal dit aanleiding kan gee tot meer verantwoordbare lese.

Nota:

1. Ek erken graag vir Jacomien van Niekerk (Universiteit van Pretoria), Joanna Gouws (Universiteit van Stellenbosch), en twee anonieme keurders vir hulle kritiek en insigte op 'n vroeër weergawe van hierdie artikel. Enige foute bly egter my eie.

Bronnelys

- |han#kass'o. 1911. !gaunu-Tsaxau (The Son of the Mantis), the Baboons, and the Mantis. In: Bleek, W.H.I. and Lloyd, L.C., eds. *Specimens of Bushman Folklore*. London: George Allen. pp. 16-35.
- ||kabbo. 2000. Men turned into trees by the glance of a new maiden. In: Lewis-Williams, J.D., ed. *Stories that Float from Afar: ancestral folklore of the San of Southern Africa*. Cape Town: David Philip. pp. 271-272.
- Aucamp, H., red. 1997. *Wys my waar is Timboektoe: 'n Persoonlike reis deur Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Aucamp, H. 2009a. Gideon Retief von Wielligh (1859-1932): die herontdekking van 'n profeet. In: Von Wielligh, G.R., red. *Versamelde Boesmanstories 1*. Pretoria: Protea. pp. 7-17.
- Aucamp, H. 2009b. Vroeë diskoerse oor die Boesman – in Afrikaans. *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/vroeë-diskoerse-oor-die-boesman-in-afrikaans/> Datum van gebruik: 3 Desember 2024.
- Bieseke, M. 1975. *Folklore and Ritual of !Kung Hunter-Gatherers*. Cambridge: Harvard University. (Thesis – PhD).
- Bieseke, M. 1993. *Women Like Meat: The Folklore and Foraging Ideology of the Kalahari Ju/'hoan*. Johannesburg: Wits University Press.
- Bleek, D.F., ed. 1923. *The Mantis and his Friends: Bushman folklore*. Cape Town: Maskew Miller.
- Bleek, D.F. 1956. *A Bushman Dictionary*. New Haven, CT.: American Oriental Society.
- Bleek, W.H.I., ed. 1864. *Reynard the Fox in Africa, or Hottentot Fables and Tales*. London: Trübner.
- Bleek, W.H.I. 1875. *Brief Account of the Bushman Folklore and Other Texts: second report concerning Bushman researches*. Cape Town: Government Printer.
- Bleek, W.H.I. and Lloyd, L.C., eds. 1911. *Specimens of Bushman Folklore*. London: George Allen.
- Bonthuys, M. 2024. Genres, Goodreads, literêre hekwagtery en pryse: 'n ondersoek na onlangse Afrikaanse bekronings. *Stilet*, 36(1):1-27.
- Burger, W. 2023. SteedsDink met LitNet Akademies: Willie Burger (deel 2 van 3). *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/steedsdink-met-litnet-akademies-willie-burger-deel-2-van-3/> Datum van gebruik: 2 September 2025.
- Cardwell, S. 2018. Pause, rewind, replay: adaptation, intertextuality and (re)defining adaptation studies. In: Cutchins, D., Krebs, K. and Voigts, E., eds. *The Routledge Companion to Adaptation*. London: Routledge. pp. 7-17.

- Christie, C.R. 2022. Khoekhoe Lexical Borrowing in Regionalised Afrikaans. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 64(1):133-143.
- Coetzee, R. 2010. *Kukumakranka: Khoi-Khoi Culture Customs and Creative Cooking*. Pretoria: LAPA Publishers.
- Conradie, A. 2024. Al wat oorbly, is die stories. *Netwerk24*. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/al-wat-oorbly-is-die-stories-20240414> Datum van gebruik: 4 Desember 2024.
- Cope, J. and Krige, U., eds. 1968. *The Penguin Book of South African Verse*. London: Penguin.
- Croeser, C.C. 2023. Queerly uncanny Afrikaner nationalism(s): an affectively attuned queer reading of selected twentieth-century uncanny Afrikaans short stories. Stellenbosch: Stellenbosch University. (Thesis – PhD).
- De Prada-Samper, J.M. 2017. G. R. von Wielligh and his *Boesman-stories*. *Academia.edu*. https://www.academia.edu/39370786/G_R_von_Wielligh_and_his_Boesman_stories Datum van gebruik: 4 Desember 2024.
- De Wet, C. 2022. Gendertemas in Topsy Smith se *Trompie-boeke*. *LitNet Akademies*, 19(2):346-385.
- Du Plessis, H. 2001. Die ontwikkeling van die Afrikaanse variasietaalkunde. In: Carstens, A. en Grebe, H., reds. *Taallandskap: huldigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik. pp. 69–80.
- Elliott, K. 2018. The theory of *badaptation*. In: Cutchins, D., Krebs, K. and Voigts, E., eds. *The Routledge Companion to Adaptation*. London: Routledge. pp. 18-27.
- February, V. 1998. Klein begin is aanhou wen. In: Van Coller, H.P., red. *Perspektief en Profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, Deel 1*. Pretoria: Van Schaik. pp. 3-20.
- Gerwel, J. 1983. *Literatuur en apartheid: konsepsies van gekleurdes in die Afrikaanse roman tot 1948*. Kasselsvlei: Kampen.
- Grobbelaar, P.W. 1989. G.R. von Wielligh: 'n volkskundige evaluering. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 43(2): 5-12.
- Guenther, M. 1999. *Tricksters and Trancers: Bushman religion and society*. Bloomington and Indianapolis: Indiana University Press.
- Guenther, M. 2020a. *Human-Animal Relationships in San and Hunter-Gatherer Cosmology. Volume I: therianthropes and transformation*. Cham: Palgrave Macmillan.
- Guenther, M. 2020b. *Human-Animal Relationships in San and Hunter-Gatherer Cosmology. Volume II: imagining and experiencing ontological mutability*. Cham: Palgrave Macmillan.

- Hewitt, R.L. 2008 [1986]. *Structure, Meaning and Ritual in the Narratives of the Southern San*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Highman, K. B. 2011. *Forging a New South Africa: Plagiarism and the National Imaginary*. York: University of York. (Thesis – PhD).
- Hollmann, J.C., ed. 2004. *Customs and Beliefs of the |Xam Bushmen*. Johannesburg: Wits University Press.
- Hutcheon, L. and O'Flynn, S. 2013. *A Theory of Adaptation*. London and New York: Routledge.
- James, A. 2001. *The First Bushman's Path: stories, songs and testimonies of the /Xam of the northern Cape*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.
- Jenkins, E. 2010. San Tales Again: Acknowledgement and appropriation. *English Academy Review: A Journal of English Studies*, 27(1):24-35.
- Kraus, J. 2012. *The Laugh-a-Day Book of Bloopers, Quotes & Good Clean Jokes*. Grand Rapids: Revell.
- Krog, A. 2004a. *Die sterre sê 'tsau': /Xam-gedigte van Diä!kwain, Kweiten-ta-//ken, /Alkúnta, /Han#kass'o en //Kabbo gekies en versorg deur Antjie Krog*. Kaapstad: Kwela.
- Krog, A. 2004b. *The stars say 'tsau': /Xam poetry of Diä!kwain, Kweiten-ta-//ken, /Alkúnta, /Han#kass'o and //Kabbo* Selected and adapted by Antjie Krog. Cape Town: Kwela.
- Le Roux, A. 1981. *Wild Flowers of Namaqualand: A Botanical Society Guide*. Cape Town: Struik Nature.
- Lewis-Williams, J.D. and Pearce, D.G. 2004. *San Spirituality: Roots, Expressions and Social Consequences*. Cape Town: Double Storey.
- Linde, J. 2023. Postkritiek. *Literêre Terme en Teorieë*. <https://www.litterm.co.za/2023/02/09/postkritiek/> Datum van gebruik: 2 September 2025.
- Lombard, J. 2014. Kwessies van mite en moraliteit by G.R. von Wielligh se Boesmanoptekeninge. *LitNet Akademies*, 11(1):270–291.
- Lourens, A. 2024. Die engel- en monstermites in *Reënboogrant tieners*. *LitNet Akademies*, 21(3):483-503.
- Maartens, W. 2024. *Sankind lees die wind*. Johannesburg: LAPA.
- Maartens, W. en Viljoen, L. 2024. 'n Onderhoud met Wendy Maartens oor *Sankind lees die wind*. *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/n-onderhoud-met-wendy-maartens-oor-sankind-lees-die-wind/> Datum van gebruik: 4 Desember 2024.
- Marais, E.N. 1927. *Dwaalstories en ander vertellings*. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Marais, E.N. 1959. *Dwaalstories*. Kaapstad: Human & Rousseau.

- Markowitz, A. 1956. *With Uplifted Tongue: stories, myths and fables of the South African Bushmen told in their manner*. Cape Town: Central News Agency.
- Markowitz, A. 1971. *The Rebirth of the Ostrich: and other stories of the Kalahari Bushmen told in their manner*. Gaborone: National Museum and Art Gallery.
- Nortje, J.M. and Van Wyk, B.E. 2015. Medicinal plants of the Kamiesberg, Namaqualand, South Africa. *Journal of Ethnopharmacology*, 17(1):205-222.
- Parson, I. and Lombard, M. 2025. Of /Xam, springbok and stone hunting funnels in southern Africa. *Azania: Archaeological Research in Africa*, 60(1):35-60.
- Powrie, L. 2004. *Common Names of Karoo Plants*. Pretoria: National Botanical Institute.
- Prinsloo, A.F. 2008. *Annerlike Afrikaans: Woordeboek van Afrikaanse Kontreitaal*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Sanders, J. 2016. *Adaptation and Appropriation*. London and New York: Routledge.
- Schmidt, S. 1982. Khoisan folktales: original sources and republications. *African Studies*, 41(2):203-212.
- Schmidt, S. 2013a. *A catalogue of Khoisan folktales of Southern Africa*. Cologne: Rüdiger Köppe Verlag.
- Schmidt, S. 2013b. *South African /Xam Bushman Traditions and Their Relationships to Further Khoisan Folklore*. Cologne: Rüdiger Köppe Verlag.
- Schmidt, S. 2018. The praying mantis in Namibian folklore. *Southern African Humanities*, 31:63-77.
- Smith, C.A. 1966. *Common Names of South African Plants*. Pretoria: Government Printer.
- Spivak, G.C. 1988. Can the Subaltern Speak? In: Nelson, C. and Grossberg, L., eds. *Marxism and the Interpretation of Culture*. London: Macmillan. pp. 271-313.
- Spivak, G.C. 1999. *Critique of Postcolonial Reason: towards a history of the vanishing present*. Cambridge: Harvard University Press.
- Staphorst, L. 2020. Die wond sê dit aan my: die morele wêreldbeskouing van die |xam as eko-morele fenomenologie. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland. (Verhandeling – MA).
- Staphorst, L. 2021a. To Tongue the Body | To Body the Tongue: Problematizing the Translation of Oral Traditions. In: Akinyemi, A. and Falola, T., eds. *The Palgrave Handbook of African Oral Traditions and Folklore*. New York: Palgrave Macmillan. pp. 551-573.
- Staphorst, L. 2021b. Voorgevoelens, vertolkings en verklarings: resepsie van 'n 19de-eeuse |xam-kum. *Tydskrif vir Letterkunde*, 58(2):103-117.

- Staphorst, L. 2022a. Decolonising the death of !xam: tracking the origins of the language of folklore in the Karoo. Oxford: University of Oxford. (Dissertation - MSc).
- Staphorst, L. 2022b. 'van die oorspronklike lippe' ('from the original lips'): The 19th-Century Cape Colony, Holographic Archaeology and the Historicity of Gideon von Wielligh's !xam–Afrikaans Collection. *Journal of Southern African Studies*, 48(6):993-1011.
- Staphorst, L. 2023a. "Die versluierde diepte": GR von Wielligh se verwikkelde Afrikaanse optekeninge van laat 19de-eeuse !xam-kultuur. *South African Journal of Cultural History | Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 37(1):1-22.
- Staphorst, L. 2023b. "Iets hieroor het ons ongemaklik gestem": die verband tussen "ontlaering" en die kolonialeske in onlangse Afrikaanse taal- en letterkundige diskoerse. *LitNet Akademies*, 20(3):271-302.
- Staphorst, L. 2024. On the seeable limits of decolonial and indigenous scholarship: conceptualising *ondeursigbaarheid* as critical analytic through reference to the !xam, the Bleek and Lloyd archive, and Bushman studies. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*.
- Staphorst, L. 2025a. "Now the yard is crawling with Bushman stories": a comparrison between thematically related !xam folkloric texts from the Bleek and Lloyd (1911) and Von Wielligh (1919-1921) collections in relation to accusations of plagiarism. *Southern African Journal of Folklore Studies*, 34(2):1-20.
- Staphorst, L. 2025b. Reading between Fire and Ash: reflections on Colonial-Era African Archives in the time of the Archival (B/T)Urn. *International Journal of African Renaissance Studies - Multi-, Inter- and Transdisciplinarity*, 20(1):60-77.
- Steyn, J.C. 2009. G.R. von Wielligh en die Afrikaanse taalbeweging. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 16(2):68–91.
- Taljard, M. 2025. Resensent of smaakmaker – edelmetaal of klatergoud? *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/resensent-of-smaakmaker-edelmetaal-of-klatergoud/> Datum van gebruik: 30 Augustus 2025.
- Van Coller, H.P. 2010. 'n Literêr-historiese perspektief op die skeppende prosa van G.R. von Wielligh. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 17(1):101-113.
- Van Coller, H.P. 2022. 'Gewone mense' word al hoe meer randfigure. *Netwerk24*. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/gewone-mense-word-al-hoe-meer-randfigure-20220506> Datum van gebruik: 4 Desember 2024.
- Van Heerden, E. 1989. 'n Halwe geheue? 'n Standpunt oor die suiwing van tekste. *Stilet*, 1(2):79-87.
- Van Heerden, E. 1990. Benoeming en ontoeming van vyf narratiewe tekste. *Tydskrif vir Letterkunde*, 28(1):27–39.

- Van Niekerk, J. 2018. Afrikaans stories of Jackal and Hyena: Oral and written traditions. *Tydskrif vir Letterkunde*, 55(3):80-95.
- Van Vuuren, H. 1994. Forgotten Territory: the oral tradition of the /Xam. *Alternation*, 1(2):57-70.
- Van Vuuren, H. 1995. Die mondelinge tradisie van die /Xam en 'n herlees van Von Wielligh se *Boesman-Stories* (vier dele, 1919-1921). *Tydskrif vir Letterkunde*, 33(1):25-35.
- Van Vuuren, H. 2003. "Die Boesman in ons bewussyn": 'n bestekopname in die Afrikaanse poësie. *Stilet*, 15(1):122-144.
- Van Vuuren, H. 2008. Plagiat? Appropriasie? Kulturele oorplanting? Huldiging? Brandende kwessies rondom mondelinge tradisies – Eugène Marais en die San opnuut bekyk. *Journal of Literary Studies | Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 24(4):85-112.
- Van Vuuren, H. 2010. Voorwoord. In: Von Wielligh, G.R., red. *Versamelde Boesmanstories 2*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Van Vuuren, H. 2011. 'n Besinning oor die benadering tot 'n uitgestorwe kultuur: die /Xam koloniale argief. *Stilet*, 23(2):157-166.
- Van Vuuren, H. 2016. *A Necklace of Springbok Ears: /Xam orality and South African literature*. Stellenbosch: SUN Press.
- Verevis, C. 2014. BADaptation. Is Candy faithful? In: Perkins, C. and Verevis, C., eds. *B is for Bad Cinema: Aesthetics, Politics, and Cultural Value*. Albany: State University of New York Press. pp. 215–240.
- Viljoen, L. 2023. SteedsDink met LitNet Akademies: Louise Viljoen (deel 1 van 3). *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/steedsdink-met-litnet-akademies-louise-viljoen-deel-1-van-3/> Datum van gebruik: 2 September 2025.
- Viljoen, H. 2025. Cappuccino of flat white: Literêre waardes en die kanon tussen resensente en smaakmaker. *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/cappuccino-of-flat-white-literere-waardes-en-die-kanon-tussen-resensente-en-smaakmaker/> Datum van gebruik: 30 Augustus 2025.
- Vollenhoven, S. 2016. *The Keeper of the Kumm: Ancestral Longing and Belonging of a Boesmankind*. Cape Town: Tafelberg.
- Von Wielligh, G.R. 1917. *Diere Stories soos deur Hotnots vertel. Deel I*. Pretoria: Van Schaik.
- Von Wielligh, G.R. 1918a. *Diere Stories soos deur Hotnots vertel. Deel II*. Pretoria: Van Schaik.
- Von Wielligh, G.R. 1918b. *Jakob Platjie: Egte Karaktersketse uit die volkslewe van Hotnots, Korannas en Boesmans*. Pretoria: J.H. De Bussy.
- Von Wielligh, G.R. 1919. *Boesman-Stories: Deel I. Mitologie en legendes*. Kaapstad: Nasionale Pers.

- Von Wielligh, G.R. 1920. *Boesman-Stories: Deel II. Dierstories en ander verhale*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Von Wielligh, G.R. 1921a. *Boesman-Stories: Deel III. Die boesman self, sy sedes, gewoontes en bekwaamhede*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Von Wielligh, G.R. 1921b. *Boesman-Stories: Deel IV. Gemengde vertellings, mees van 'n awontuurlike aard*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Von Wielligh, G.R. 1921c. *Diere Stories soos deur Hotnots vertel. Deel III*. Pretoria: Van Schaik.
- Von Wielligh, G.R. 1922. *Diere Stories soos deur Hotnots vertel. Deel IV*. Pretoria: Van Schaik.
- Von Wielligh, G.R. 1925. *Ons Geselstaal: 'n Oorsig van Gewestelike spraak soos Afrikaans gepraat word*. Pretoria: Van Schaik.
- Von Wielligh, G.R., red. 2005. *Die Sterne sind glühende Kholen und Asche: Buschmann-Erzählungen*. Windhoek: Kuiseb Verlag.
- Von Wielligh, G.R., red. 2009. *Versamelde Boesmanstories 1*. Pretoria: Protea.
- Von Wielligh, G.R., red. 2010. *Versamelde Boesmanstories 2*. Pretoria: Protea.
- Von Wielligh, G.R., red. 2017a. *Boesmanstories Deel 1-2*. Kaapstad: !Khwa ttu en Mantis Books.
- Von Wielligh, G.R., ed. 2017b. *Bushman Stories: Collected volumes 1-4*. !Khwa ttu and Mantis Books.
- Vorster, M. 2024a. *Boekresensie: San-verhale spreek tot jonk en oud*. Netwerk24. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/boekresensie-san-verhale-spreek-tot-jonk-en-oud-20240609> Datum van gebruik: 4 Desember 2024.
- Vorster, M. 2024b. *Sankind lees die wind – veel meer as stories: 'n onderhoud met Wendy Maartens*. LitNet. <https://www.litnet.co.za/sankind-lees-die-wind-veel-meer-as-stories-n-onderhoud-met-wendy-maartens/> Datum van gebruik: 4 Desember 2024.
- Watson, S. 1991. *Return of the Moon: versions from the /Xam*. Cape Town: Carrefour.
- Wessels, M. 2010. *Bushman Letters: interpreting |Xam narrative*. Johannesburg: Wits University Press.
- Willemse, H. 2008. Tokkelossie, “'n Boesman, outa Hendrik”, en ontkennde close readings. *Literator*, 29(3):57-73.
- Willemse, H. 2009. G.R. von Wielligh se nalatenskap. *Literator*, 30(3):193-194.
- Wittenberg, H. 2012. Wilhelm Bleek and the Khoisan Imagination: A Study of Censorship, Genocide and Colonial Science. *Journal of Southern African Studies*, 38(3):667-679.

Wittenberg, H. 2014. The story of ||kabbo and Reynard the Fox: notes on cultural and textual history. In: Deacon, J. and Skotnes, P., eds. *The Courage of ||kabbo: celebrating the 100th anniversary of the publication of Specimens of Bushman Folklore*. Cape Town: University of Cape Town Press. pp. 93-97.